

ANDERKANT DIE GESKEURDE VOORHANGSEL

Die Posisie van die Vrou in die Gemeente – Nick Maartens

Inleiding

Moet vrouens regtig in byeenkomste stilbly? Moet hulle hoedens of hoofbedekkings dra? Die probleme aangaande hierdie kwessies gaan veel dieper as om net antwoorde op hierdie vrae te verkry; die gesag, integriteit en die onfeilbaarheid van God se Woord kom ook in gedrang.

'n Teenstrydigheid?

'n Oppervlakkige lees van die Bybel sal aantoon dat dit lyk of sekere versies wat oor vrouens gaan, mekaar weerspreek. In 1 Kor.11:5 lei ons byvoorbeeld af dat vrouens in byeenkomste geprofeteer het, terwyl 'n paar versies verder dit lyk of Paulus homself weerspreek deur te sê dat vrouens in byeenkomste moet stilbly (1 Kor.14:34-35). Hoe kan dit wees dat Paulus in 'n kwessie van 'n paar sinne twee heeltemal teenstrydige dinge sê? Daar moet mos een of ander logiese verduideliking wees. Wanneer dit lyk asof een Skrifgedeelte 'n ander een weerspreek sal daar gevind word dat die oorsaak daarvan gewoonlik by ons gebrekkige interpretasie van die Skrif gesoek moet word. Swak vertalings veroorsaak ook soms probleme. Dit is belangrik om te onthou dat een Skrifgedeelte nie 'n ander Skrifgedeelte mag weerspreek nie. Skrif moet altyd Skrif bevestig of verduidelik. Oëskynlike teenstrydighede moet opgelos en verklaar word, anders kan die onfeilbaarheid van God se Woord bevraagteken word.

Wanneer dit by die verklaring van moeilike gedeeltes in die Bybel kom, sou dit baie onwys wees om net op jou eie insig staat te maak. Teologies gesproke is dit nie nodig om die spreekwoordelike wiel te herontwerp nie; daar is feitlik nie 'n onderwerp in die Bybel waaroor daar nie al omvattende navorsing gedoen is nie. 'n Mens moet dus net 'n bietjie moeite doen om dinge vir jouself na te slaan. Dit sou ook onwys wees om 'n mening te vorm sonder dat daar objektief na al die kante van 'n saak gekyk is.

Wanneer daar na die vrouekwessie gekyk word sal daar gesien word dat die meeste van die probleme deur swak vertalings veroorsaak word. 'n Begrip van die kulturele agtergrond van die Nuwe Testamentiese tyd dra ook by om verder lig te werp op dinge wat aanvanklik moeilik was om te verstaan.

Die invloed van die moderne model van die kerk

Moderne Christene vind sekere Nuwe Testamentiese voorskrifte moeilik om te verstaan omdat hulle verwysingsraamwerk die moderne kerk is. Die manier hoe die meeste kerke vandag funksioneer is lankal nie meer volgens die patroon wat in die Nuwe Testament voorgeskryf word nie. Die huidige institusionele model van die kerk is deur die invloed van eeue se mensgemaakte rituele, regulasies en tradisies gevorm, waarvan baie dikwels niks te doen het met wat in die Bybel geskryf staan nie. Ons persepsie van die kerk beïnvloed dikwels hoe ons die Bybel vertolk. So byvoorbeeld verklaar die leier van 'n bekende kerkgroep dat daar nie 'n enkele vers in die Bybel te vinde is wat sê dat 'n vrou die leier en prediker van 'n gemeente mag wees nie. Hy is heeltemal reg, maar dit is net so waar dat daar ook nie een enkele versie in die Bybel gevind kan word wat verklaar dat een man in so 'n posisie aangestel moet word nie. Dit is duidelik dat sy verwysingsraamwerk die huidige institusionele model van die kerk is en nie wat in die

Nuwe Testament geskrywe staan nie. In die Nuwe Testament lees ons net van veelvoudige bedieninge wat die liggaam van Christus moet opbou: *“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars ...tot die opbouing van die liggaam van Christus...”* (Ef.4:10-16).

In Nuwe Testamentiese tyd was gewone gemeentelike byeenkomste oop en elke gelowige is aangemoedig om ’n bydrae te lewer: *“Elke keer as julle bymekaarkom, het **elkeen** gewoonlik ’n bydrae om te lewer: ’n psalm, ’n onderwysing, ’n openbaring...alles tot opbou van die gemeente...”* (1 Kor.14:26-29). Sekerlik moet die **“elkeen”** waarna hier verwys word ook vrouens insluit, want **“elkeen”** se bydrae moes tot opbouing van die liggaam dien en van wanneer af bestaan die liggaam van Christus net uit mans?

Vrouens in die Bybel

Dwarsdeur die Bybel sal ons sien dat God vrouens in Sy diens gebruik het; ook om te profeteer. Die volgende voorbeelde kan genoem word: Eks.15:20 *“Mirjam, die profetes...”*, Rigters 4:4 *“Debóra, ’n profetes...”*, 2 Kon.22:14 *“...die profetes Hulda...”*, Neh.6:14 *“...die profetes Noádja...”*, Jes.8:3 *“...die profetes”*, Luk.2:36 *“...Anna, die profetes...”*, Hand.21:9 Die vier dogters van Filippus met profetiese gawes.

Die name van Fébé (Rom.16:1) en Priscilla (Hand.18:2) word ook genoem. Priscilla se naam, anders as die kulturele gewoonte van daardie tyd, word soms voor dié van haar man genoem (Hand.18:18, Rom.16:3). Sy en haar man het saam die Woord aan Apollos verduidelik en uitgelê (Hand.18:26).

Joël se profesie

Om te bewys dat die verskynsel van die uitstorting van die Heilige Gees betrekking het op mans sowel as vroue, verwys ek u na Petrus se preek wat in Handeling 2:17-18 opgeteken is. Daarin verwys hy na die profesie van Joël waarin daar verklaar word dat God Sy Gees op alle vlees sal uitstort *“en julle seuns en dogters sal profeteer...en ... My diensknegte en diensmaagde ...sal profeteer”*. Dit is dus duidelik dat met die uitstorting van die Heilige Gees God geen onderskeid maak tussen mans en vrouens nie.

“...maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof...”

Wat die geestelike gawes betref moedig Paulus alle gelowiges aan om veral profesie na te jaag, want sê hy: *“...hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging”* (1 Kor.14:3). Dít is heel waarskynlik dan ook die tipe profetiese bediening waarmee die vrouens in die gemeente van Korinthe besig was. Hoe sou hulle ander gelowiges in die geloof kon opbou, troos en bemoedig as hulle nie toegelaat was om te praat nie? Om te probeer verduidelik, soos sommige Bybelkommentators dit doen, dat daar in daardie tyd twee tipes byeenkomste was, een net vir mans en een net vir dames waarin hulle toegelaat is om te praat, is om in die Bybel iets in te lees wat nie daar staan nie. Buitendien, volgens die kultuur van daardie tyd, moes ’n vrou ’n kopbedekking dra om haar respek en onderdanigheid aan haar man te betoon. Baie tradisionele Griekse vrouens doen dit vandag nog. Waarom sou ’n vrou ’n hoofbedekking moes dra as daar geen mans in ’n diens teenwoordig was nie?

In die lig van oortuigende bewyse uit die Bybel dat vrouens toegelaat is om in byeenkomste te profeteer, is dit net logies om aan te neem dat die skrifte wat gewoonlik gebruik word om te “bewys” dat vrouens moet stilbly, ’n ander logiese betekenis moet hê wat nie teenstrydig met ander Skrifgedeeltes is nie.

1 Tim. 2:8-15

“Die vrou moet haar in stilte laat leer...Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou”.

Hierdie Skrifgedeelte is ’n goeie voorbeeld van hoe ’n swak vertaling die betekenis van die oorspronklike teks verander. Wat hier eintlik ter sprake is, is nie die onderdanigheid of minderwaardigheid van vrouens teenoor mans in die algemeen nie, maar die verhouding tussen getroude mans (husbands) teenoor hulle eie vrouens (huweliksmaats). Let op dat daar in vers 11 en 12 nie van vrouens in die meervoud gepraat word nie, maar van “vrou” in die enkelvoud. Net soos in Afrikaans, kan die Griekse woord *guné* vir vrou (woman) in die algemene sin gebruik word of dit kan na die getroude vrou (wife) verwys. Die konteks moet die regte betekenis bepaal. Siende dat dit in die konteks van 1Tim.2:11-12 saam met “*andros*”, wat getroude man (husband) beteken, gebruik word, moet dit na ’n getroude vrou (wife) verwys. Verder moet die Griekse woord “*hésuchia*” wat in vers 11 as “*in stilte*” vertaal word, eerder vertaal word om die idee van rustigheid oor te dra. Dieselfde woord word in 1 Tim.2:2 as “*rustig*” vertaal. ’n Beter vertaling van 1 Tim.2:11 sou eerder gewees het: “Laat die getroude vrou (wife) leer om in ’n gees van rustigheid van haar man (husband) onderrig te ontvang.” Dieselfde woord *hésuchia* word in 1 Pet.3:4 gebruik om die gesindheid van Christen vroue (wives) teenoor hulle mans uit te druk. Hier is die vertaling “*n sagmoedige en stille gees*” (Ou vertaling). Zodhiates sê in sy Greek Study Bible : ***“It is unfortunate that it is translated as “silence” indicating muteness, the absence of talking.”***

Ons moet verder ook onthou dat in die kulture van die vroeë tyd vroue dikwels ’n ondergeskikte rol in die gemeenskap gespeel het en dat hoofsaaklik net mans onderrig ontvang het. Paulus se instruksies is dus geskryf teen die agtergrond van ’n kultuur waar vroue ’n agterstand gehad het in terme van geleerdheid. Baie vroue kon dikwels nie lees of skryf nie. Wat Paulus dus eintlik sê is dat ’n vrou ’n rustige en kalm gesindheid moet openbaar terwyl sy van haar man leer. Vandag het dinge baie verander. In ons vriendekring is daar jong dames wat as enkelinge al ’n paar jaar gelede tot bekering gekom het en wat geestelik baie volwasse is. Hulle ken die basiese beginsels van die geloof al goed. As een van hulle sou trou met ’n man wat eers onlangs tot bekering gekom het, sou dit, volgens die tradisionele opvatting, beteken dat hulle nie ’n woord van lering aan hom sou kon bring nie?

Wat Paulus eintlik in vers 12 sê is dat ’n vrou nie aanhoudend, as ’n gewoonte, in die huis of in ’n byeenkomste, of enige ander plek, lering moet gee en oor haar man heers nie. Dit is interessant om daarop te let dat die woord vir “heers” wat in vers 12 gebruik word, *authentain*, beteken om soos ’n diktator op te tree. So ’n manier van optrede deur die vrou kon die indruk skep dat sy rebelleer teen die natuurlike orde wat God vir man en vrou bepaal het.

1 Tim.2:12 word ook in baie Bybels swak vertaal. Die regte betekenis word deur Zodhiates weergegee: “*I do not suffer a wife to teach...*” Ek haal hom verder aan: “*..guné (husband) is here used in contrast to anér (man)*”. Die hele bespreking in 1Tim.2:8-15 gaan dus oor die goddelike verhouding tussen ’n getroude vrou en haar man en haar manier van optrede in die Christelike gemeenskap, of dit nou in die huis, in ’n byeenkoms of op enige ander plek is. Terloops, om die invloed van die moderne model

van die kerk op vertalings te illustreer, kan daar gerus na 1 Kor.14:35 en 1 Tim.2:11 in die 1983 Afrikaanse Bybel gekyk word. Die woord “erediens” word daar ingevoeg, asof daar in Paulus se tyd so iets al bestaan het! (Lees 1 Kor.14:26-33 om te sien hoe ’n Nuwe Testamentiese byeenkoms gelyk het).

1 Kor.14:34-35 “...vroue moet in die gemeente swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie...”

1 Kor.11:5 “...maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof oneer aan...” (Nuwe Testamentiese profesie bestaan hoofsaaklik uit “woorde van stigting en troos en bemoediging”...(1 Kor.14:3).

Enige onbevooroordeelde leser sal onmiddelik ’n verduideliking wil hê vir die oënskynlike teenstrydigheid wat in die betekenis van bogenoemde twee verse voorkom. In een versie sê Paulus dat vroue moet stilbly en dan net ’n paar reëls verder sê hy dat wanneer vroue in die byeenkoms praat, moet hulle hoofde bedek wees. Paulus se opdrag aan vroue om in die gemeente stil te bly word verklaar deur die woord wat hy vir “praat”gebruik; “want dit is hulle nie toegelaat om te *spreek* nie”. Die woord in Grieks *lalein*, wat beteken om onsamehangende, betekenislose woorde te uiter, is dieselfde woord wat Paulus gebruik as hy mans beveel om stil te bly as hulle in ’n vreemde taal praat en daar niemand is om dit uit te lê nie (1 Kor.14:28). In teenstelling kry ons die Griekse woord *lego* wat beteken om intelligente, verstaanbare woorde te uiter. Die konteks van die bespreking is nie die regte van mans teenoor die regte van vrouens nie, maar orde teenoor wanorde. Omdat die woord *gunaikes* (getroude vrouens/ “wives”) gebruik word, sê Paulus eintlik dat vrouens aan hulle eie mans onderdanig moet wees en hulle, die mans, moet toesien dat hulle eie vrouens hulle ordelik in byeenkomste gedra. Hulle moet nie byeenkomste ontstig deur onsamehangende “gebabbel” nie. Hierdie gedeelte het ongetwyfeld ook te doen met wat in die voorafgaande gedeelte van hoofstuk 14 deur Paulus aangeraak is, naamlik die spreek in vreemde tale. Ook dít moet ordelik en tot stigting van die gemeente geskied.

“Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê” (1 Kor.14:34).

Van watter wet word hier gepraat? Nie ’n enkele plek kan in die Ou Testament gevind word waar so ’n wet geskryf staan nie. Ons het reeds gewys hoe God dwarsdeur die geskiedenis van Israel vrouens in sy diens gebruik het. Hierdie wet waarna Paulus verwys moet dus iets wees wat buite die Skrif voorkom. Die enigste plek waar so ’n wet gevind kan word is in die Talmud en in die Joodse tradisionele wette. Paulus het dus hulle tradisionele wette gebruik om sy standpunt te ondersteun dat ’n vrou nie onbeheersd en onsamehangend in byeenkomste moet praat nie.

In die kantlyn van sommige Bybels verskyn daar langs 1 Kor.14:34 ’n kruisverwysing na Gen.3:16.

Gen.3:16 “...na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.”

’n Tradisionele interpretasie wat hierdie skrifgedeelte verkeerd opsom, is grootliks daarvoor verantwoordelik dat baie glo dat die man oor die vrou moet heers. ’n Persoon soos Dr. Bushnell wat baie tyd bestee het aan die bestudering van die oorspronklike teks in Hebreeus, verklaar dat die korrekte vertaling en interpretasie van Gen.3:16 wys dat hierdie gedeelte gladnie ’n wet of voorafbepaalde verordening bevat wat bedoel is om vrouens aan mans te onderwerp nie. Dit bevat ’n waarskuwing en ’n voorspelling wat met vrouens gaan gebeur as gevolg van die sondeval. As gevolg van sonde gaan vrouens onderdruk word en die vervulling daarvan kan veral in heiden lande gesien word. Selfs onder Christene word vrouens soms onderdruk deur mans wat sekere skrifgedeeltes

heeltemal verkeerd verstaan en wat nie die gesindheid van Jesus teenoor vrouens openbaar nie.

Moet vroue hoofbedekkings dra? (1 Kor.14:2-16)

Heel waarskynlik het kultuur 'n rol gespeel in die feit dat Paulus oor hoofbedekkings aan die Korinthiërs moes skryf. Griekse gelowiges was gewoon aan hulle eie tradisies en modes. Die mans het sonder enige hoofbedekking byeenkomste toe te gaan. Die vrouens, as teken van respek vir hulle mans, het weer hulle hoofde bedek. Anders as die Grieke het Joodse mans weer hul hoofde bedek en die vrouens nie. Dit gebeur tot vandag toe nog so. Die Griekse gelowiges het 'n probleem gehad in die sin dat hulle gewonder het wat om met hulle bestaande tradisies en gewoontes te doen nou dat hulle tot geloof gekom het. Paulus se raad aan hulle was dat as die simboliek van 'n bestaande tradisie nie teenstrydig is met die orde wat God in Sy skepping of in Sy Woord openbaar nie, dit nie verander hoef te word nie. Omdat Griekse vrouens hulle respek en onderdanigheid aan hulle mans simbolies deur hoofbedekkings uitdruk, hoef hulle dit nie te verander nie. Dié gewoonte is nie teenstrydig met Christelike lering en beginsels nie.

Die feit dat Paulus skryf dat 'n man wat met 'n bedekte hoof aanbid sy hoof (Christus) oneer aandoen (v.4), was waarskynlik 'n verwysing na die "tallith" wat Joodse mans gedra het wat onder andere 'n teken was van hul skuld en kondemnasie voor God. Vir 'n Christen man om 'n hoofbedekking te dra sou dus sy geestelike Hoof, Christus, oneer aandoen, aangesien Hy gesterf het juis om gelowiges van sondeskuld en oordeel te bevry (Rom.8:1).

Ook in Paulus se bespreking oor hare (v.14-15) lyk dit of hy maar net sê dat ook wat haarstyl betref, die vrou niks moet doen wat simbolies die goddelike orde tussen man en vrou afbreek nie.

Prostitusie

Paulus se aanmerkings in 1 Kor.11:2-16 oor hoofbedekkings en lang hare is heel waarskynlik ook beïnvloed deur die feit dat daar in daardie tyd baie vrouens as prostitute in die heidense tempels in Korinthe opgetree het. Hierdie vrouens het gewoonlik kort hare gehad en het nie hoofbedekkings gedra nie. Paulus se aanbeveling was miskien 'n vermaning dat gelowige vrouens sorg moes dra dat hulle nie uiterlik die indruk skep dat hulle vrouens van lae morele standarde is nie.

“Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man of vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus” (Gal.3:28)

Alhoewel God verskillende rolverdelings vir 'n man en vrou bepaal het, het hulle voor God, in Christus, dieselfde status. Wanneer dit dus by die gawes van die Heilige Gees kom is dit vir "almal". Tog is die hele strekking van Paulus se lering om gelowiges se aandag daarop te vestig dat die natuurlike verskille wat daar tussen 'n man en 'n vrou bestaan deur gelowiges gehandhaaf moet word. Alhoewel die man en vrou in Christus gelyk is, het God dit nog steeds so beskik dat die man die hoof van die huis moet wees. Paulus stel dit egter baie duidelik dat die man die vrou moet liefhê en koester soos Christus Homself vir Sy liggaam, die kerk, gegee het (Ef.5:25). Die vrou moet die beskerming en ondersteuning van haar man geniet en dit is veral nodig tydens die tydperk van swangerskap en grootmaak van kindertjies.

“Broeders”

Die feit dat die Griekse woord *adelphos* in die meeste Bybels as “broeders” vertaal word, dra nie die regte betekenis oor nie. Dit behoort nie in die sin van manlik of vroulik gesien te word nie, maar in die geestelike konteks waarna dit verwys: “...*a fellowship of life based on identity of origin e.g. members of the same family...*” (The Complete Wordstudy Dictionary – Spiros Zodhiatus). Baie voorbeelde kan uit die Nuwe Testament aangehaal word om dié vertolking van die woord te staaf. Een sal genoeg wees.

“*Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie... Wie sy broeder liefhet, bly in die lig...maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis...*” (1 Joh.2:7-11). Sal iemand dit waag om te sê dat hierdie vermaning net vir mans bedoel is?

Slotsom

Vrouens het in vroeë kulture nie veel status geniet nie. In sommige kon hulle nie eiendom erf nie, kon hulle ook nie as getuies in houe optree nie, en het hulle nie die voorreg gehad om onderrig te ontvang nie. In sinagoges moes hulle op die gallery sit en was hulle nie toegelaat om enige leiding te neem nie. Hulle het nie veel plek in die sosiale lewe van daardie tyd ingeneem nie en hulle was so swaar gesluit dat ’n mens dit moeilik sou vind om jou eie ma uit te ken! Dit was eers deur die gesindheid en leringe van Jesus dat vrouens hul regmatige plek in die vroeë kerk kon inneem. Die profetiese uitspraak: “*En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en dogters sal profeteer...*” (Hand.2:17) staan vandag nog en waar iemand wil verhoed dat vrouens mag praat, word gevaar geloop om dít wat God deur hulle wil sê, te mis!

Nick Maartens

Langenhovenpark, Bloemfontein.

0827826074

E-pos – nickmaartens@hotmail.com